

Hoofstuk van die dag: 1 Konings 7

> *Aan sy paleis het Salomo dertien jaar gebou voor hy heeltemal klaar was daarmee. (vers 1)*

Hoewel die skrywer heelwat minder oor Salomo se paleis te sê het as wat hy oor die tempel berig het, begin hy sy beskrywing

met die feit dat hy byna dubbeld soveel tyd aan die paleis se bou bestee het as aan die tempel se oprigting (wat sewe jaar geduur het, sien 1 Kon 6:38).
Dit lyk of die skrywer vir ons tussen die lyne wil laat verstaan dat Salomo se fokus van die Here na homself verskuif het. Teenoor die tempel is die paleis ’n reuseplek, waarmee hy wou sê hoe belangrik en ryk hy is. In die proses het hy sy mense swaar belas en feitlik as slawe behandel. Op die lange duur het dit die volk se sentiment teen hom gedraai, soos 1 Kon 12 wys.
Paulus skryf in 1 Kor 13 aangrypend oor die belangrikheid van prioriteite. Al die gawes en kennis (waarvan Salomo in oorvloed gehad het) verdof as jou fokus op jouself is (1 Kor 13:1-3); as jou liefde vir God moet plek maak vir liefde vir jou eie begeertes en ideale. Só word selfs die wysste man op aarde ’n dwaas in God se oë (Luk 12:16-21).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026